

3 April 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 9

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk  
Die Hervormer  
e-Hervormer

[www.nhka.org](http://www.nhka.org)

[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

[www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### 'n Fabel: Jeugmisdadiger en sy ma

*'n Kind het by die skool eerstens 'n skryfbord van sy skoolmaat gevat en vir sy ma gebring. In plaas daarvan om hom te berispe, prys sy hom daarvoor. Daarna steel hy 'n jas en bring dit vir haar. Hierdie keer ontvang sy dit nog meer gretig. Soos die tyd aanstap en hy 'n jongman word, waag hy sy hand aan nog groter diefstalle. Op 'n dag is hy op heterdaad betrap en word toe, met sy hande agter sy rug geboei, na die laksman gelei. Sy ma gaan in rou agterna en slaan op haar bors. Hy sê dat hy iets in haar oor wil fluister, maar toe sy naderkom, byt hy haar onverwags aan die oor en skeur 'n stuk af. Sy verwyt hom oor sy oneerbiedigheid, dat hy nie genoeg gehad het aan dit waaraan hy hom reeds versondig het nie, en nou ook nog sy ma se gesig geskend het. Maar die geboeide onderbreek haar en sê: "Maar as jy my destyds al gestraf het, toe ek die eerste keer die gesteelde skryfbord gebring het, sou ek nie die punt bereik het waar ek na my dood toe gelei word nie." (Uit Esopus se fabels. Piet Boshoff en Gafie van Wyk, Scribamus 2008)*

Hierdie ou, ou fabel van Esopus (620-564 vC) leer dat dit wat nie van die begin af in toom gehou word nie, handuit sal ruk. Deur op 'n oordrewe manier 'n storie te vertel, maak die fabel sy eenvoudige punt.

Ons beleef tans in Suid-Afrika 'n situasie wat amper fabelagtige afmetings begin aanneem. Die Openbare Beskermer se verslag bewys dat aanbouings en verbeterings aan die private woonhuiskompleks van ons Staatspresident te Nkandla gedoen is teen 'n koste van miljoene der miljoene rande. Die rede wat aanvanklik aangevoer is, naamlik dat die uitgawe van ver meer as R200 miljoen aangegaan is ter wille van die veiligheid van die President en sy gesin, blyk van alle waarheid gestroop te wees. Dat dinge soos superluukse hoenderhokke, beeskrale, 'n amfiteater en 'n swembad op belastingbetalers se koste gebou word as sou dit "veiligheidskenmerke" wees terwyl daar soveel armoede in ons land heers, skreeu ten hemele.

Wat soms die ergste pla, is die gevoel van absolute magteloosheid wat 'n mens beleef as jy van dié dinge hoor en besef dat jy feitlik niks daaromtrent kan doen nie. Dalk kan 'n mens tog iets bereik deur die oordrewe uitspattigheid van 'n Nkandla te gebruik soos 'n fabel om daarmee 'n eenvoudige punt te probeer maak:

*Eendag was daar 'n koning. Hy wou baie graag baie gewild wees by sy mense en daarom het hy hom omring met raadgewers wat baie van hom gehou het en ja en amen gesê het op alles wat hy gedoen het. Die koning het gedink dat as hy vir hom die mooiste en grootste en blinkste huis in die hele land kan bou, dan sal al die mense hom nog meer bewonder en nog meer van hom hou. Hy gee toe vir sy raadgewers die opdrag en hulle vat sy planne en bou iets wat baie beter en groter is as wat die koning beplan het. Die koning was baie in sy skik, want oral waar hy gekom het, het hy gesien dat die mense in die land groot glimlagte op hul gesigte kry wanneer hulle hom sien. "Kyk hoe lief is die mense vir my, kyk hoe bewonder hulle my!", het die koning by homself gedink. Wat hy nie besef het nie, is dat die mense vir hom gelag het, net soos hulle ook vir die hofnar in die paleis gelag het.*

Wie op sy rykdom staatmaak, kom tot 'n val; wie reg doen, floreer soos groen blare aan 'n boom (Spreuke 11: 28).

Ds Etienne Fourie

## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.



Prop Carusta  
van der Merwe

### Beroep ontvang

- **Prop C (Carusta) van der Merwe** (beroepafwagting) na die Nederlandssprekende Gemeente (deelyds)

### Beroep aanvaar

- **Prop C (Carusta) van der Merwe** (beroepafwagting) na die Nederlandssprekende Gemeente (deelyds)

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.



Helene Fourie en Jos van Basten

- **Mev Helene Fourie**, jare lank lidmaat van Gemeente Pretoria-Oos, is op 30 Maart in haar slaap oorlede. Sy was 84 jaar oud. Sy was lank verbonde aan die gemeentelike kerkkantoor en 'n geliefde lidmaat. Helene was die oudste dogter van 'n pionierpredikant van die Kerk, wyle dr PW Venter. Sy word oorleef deur drie getroude kinders en twee susters, Petra van Basten en Amora Nel. 'n Gedenkdien word op Maandag 7 April om 10:00 gehou in die kerkgebou in Delyweg, Waterkloofpark. Die diens word waargeneem deur ds Hannes van der Merwe. Op die foto is Helene twee weke gelede saam met haar susterskind Jos van Basten.

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Die ses Sondae van die Lydenstyd is vanjaar 9, 16, 23 en 30 Maart en 6 en 13 April. Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor die **sesde Sondag van die Lydenstyd (Palmsondag) – 13 April**. “Die sesde Sondag van die Lydenstyd staan bekend as Palmsondag. Jesus se intog in Jerusalem op 'n donkie (Joh 12: 12-19) word in herinnering geroep. Saam met die skare wuif ons ook ons palmtakke – maar ons behoort ook te weet dat ons wuiwende hande elke nou en dan in gebalde vuiste verander. Ons behoort nou gereed te wees vir die herdenking van die heilige week. Vanselfsprekend gaan dit nie net om ons eie geloof en gebrek aan geloof nie. Hierdie gebeure sal ons help om opnuut te ontdek wie en wat Jesus Christus werklik is. Liedere wat Christus se koningskap en knegskap besing, sal gepas wees.” *Lesers sal opmerk dat ons hierdie inligting altyd 'n week vooruit plaas, om predikante die geleentheid te gee om daarvolgens vir eredienste voor te berei.*

- Die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** nooi alle lidmate in die **noorde van die land** vriendelik uit na 'n bekendstellingsgeleentheid van die *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling* op **Woensdag 9 April** om 19:00 in die kerkgebou van die AGS Kaleideo gemeente te Fiskaalstraat 32, Glen Marais, Kempton Park. 'n Aand van voorlesing en musiek word beplan (die TUKS Camerata-koor van Pretoria sal onder andere optree). Lede van die Redaksionele Komitees en ander medewerkers aan hierdie vertaling sal ook by die geleentheid teenwoordig wees en die vertaling sal te koop wees (R35 vir die standaard hardbanduitgawe en R99 vir die verwerkteleeruitgawe met goud-op-snee en duimindeks). Die program behoort nie langer as 'n uur te duur nie. Die kleredrag is netjies informeel.

**Lesers en adverteerders moet asseblief kennis neem dat daar nie die week van 28 April tot 2 Mei 'n e-Hervormer sal verskyn nie.**



Nuwe Testament en Psalms



- **WAT IS ARMOEDE?** Die bedelaar by die robot? Of die inwoner in die plakkerskamp? Jy sal verstom wees oor hoeveel wyer dit strek. Kyk hierdie kort (2 minute) **videogreep** van die ADV se Werkgroep: Armoede om iets meer daarvan te verstaan. Om dit op Youtube te kyk, klik hier (<https://www.youtube.com/watch?v=WOIUR48OWIw>) en om dit in goeie kwaliteit af te laai, klik hier (<https://www.dropbox.com/s/mffkvs5374g1j6k/Wat%20is%20armoede.mp4> – 14,5 Mb). Vir 'n formaat om dit op 'n slimfoon af te laai, klik hier (<https://www.dropbox.com/s/9qw8jcu2n45ic29/Wat%20is%20armoede%20-%20smartphone.mp4> – 5,9 Mb).
- **ADV SE JAAR VIR ARMOEDE.** Werk moet geskep word, want sonder werk voel mense soms dat hulle nie 'n doel het nie. Dit beteken nie altyd werk waar geld verdien word nie – dit kan ook goedkeuring en erkenning gee as 'n mens iets vir iemand anders beteken. 'n Groep werklose vroue kan begin om 'n diens te lewer deur byvoorbeeld bejaardes se vensters te gaan was, hul inkopies te gaan doen, 'n stukkie te gaan voorlees, hul hare te was, hul naels en voete te versorg, of soms net 'n bietjie te gesels. 'n Paar vroue kan afvalmateriaal en wol gebruik om komberse te maak vir minderbevoorregtes. Onthou ook dat daar baie werkende ma's is wat hulp nodig het tydens vakansies as die kleuterskole sluit; vroue kan hulself bekwaam en adverteer om sodoende hulself te help. Kontak ds Martin Jansen van Rensburg van die Werkgroep vir Armoede by [mvr2@telkomsa.net](mailto:mvr2@telkomsa.net) indien jy by hierdie belangrike opdrag betrokke wil raak.
- **EVALUERING VAN VOORNEMENDE TEOLOGIESTUDENTE.** Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om Teologie te studeer. Die sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **13 Junie 2014**. Die evaluering geskied by die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria op **Vrydag 18 Julie 2014**. Aansoekvorms kan aangevra word van die Studentebeampte, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; of per e-pos van [betsie.brits@up.ac.za](mailto:betsie.brits@up.ac.za).
- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Ouer persone met swak sig, veral alleenlopendes, kan maklik vereensaam. Gaan kuier gereeld vir so 'n persoon en, waar moontlik, help so 'n persoon om steeds aan aktiwiteite in die omgewing deel te neem. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

**armoede**  
werkgroep  
armoede

**agb** aksiegroep  
vir bejaardes

## Spesiale eredienste en feesnaweke

- Op **Sondag 13 April** om 11:00 word die nuwe kerkgebou van **Gemeente Van der Hoff** in Groblersdal ingewy. Oudlidmate van die gemeente is welkom om die geleentheid by te woon. Rig navrae aan ds Johan du Preez by 072 461 0993.
- **Eredienste in Durban-Suid.** Gedurende die vakansie en oor al die langnaweke is daar eredienste in Durban-Suid om 08:30. Op Goeie Vrydag is die erediens en Nagmaal ook om 08:30 in die kerkgebou by Beaconweg 137, Bluff. Navrae kan gerig word aan prof Bieks Beukes by [beukesm@telkomsa.net](mailto:beukesm@telkomsa.net) of 072 036 4960.
- **Neem vroegtydig kennis:** Op 31 Januarie 2015 word **Gemeente Horison Roodepoort** 50 jaar oud. 'n Feesnaweke word beplan: **Vrydagaand 30 Januarie** kamermusiekgeleentheid met klassieke musiekuitvoeringe in die kerkgebou. Navrae aan Jenneke ter Wolbeek by 082 687 2291. **Saterdag 31 Januarie** potjiekoskuier by die kerk. Die hoogtepunt is die Nagmaaldiens op **Sondag 1 Februarie** om 09:00. Alle oudlidmate en belangstellendes word hartlik uitgenooi om in dankbaarheid teenoor die Here en met vreugde hierdie mylpaal in die gemeente se geskiedenis te kom meemaak. Navrae aan dr Gerhard Nel by 082 8235 074 of [gnel@nhk.co.za](mailto:gnel@nhk.co.za).



## 'n Gedig vir Lydenstyd

### Dit is volbring

*mens sien pas voor die oomblik van die dood  
glo prente van tevore, kiekies uit 'n laai  
wat lank daar lê: die skoolkonsert, die groot  
party, son op die agterstoep, 'n skaaprib bruin gebraai*

*straks het die Heiland só op golgota gesien:  
net voor die sterwe goeie dinge, hoe Hy slaap  
terwyl dissipels roei, die vroue wat Hom dien  
die bruilofsvroligheid en hoe die wyn opraak*

*dalk was getsémané te naby, al die angs, sy lyf  
te stukkend van die kats en spykers, te vol pyn  
– verwarring in die tuin het almal uitmekaar gedryf –  
hoe kon Hy nog aan kana dink by hisop en asyn?*

*tog moes Hy dit onthou hoe hul vry uit kon vaar  
voor Hy, bloed oor die ribbes, kon vergeef: dis klaar*

IL de Villiers  
(Uit: *Leviet en vreemdeling*, 1978)

## Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 11 April, en word hartlik geluk gewens.**

- Donderdag 3 April: Ds D (David) Barnard (Magaliesmoot)
- Vrydag 4 April: Ds GS (Stephan) Botha (Klerksdorp-Oos Mōrester / Klerksdorp-Wilkoppies)
- Saterdag 5 April: Dr T (Tanya) van Wyk (beroepafwagter)
- Sondag 6 April: Ds TH (Theo) Janse van Nieuwenhuizen (emeritus)
- Maandag 7 April: Di C (Corné) Lemmens (Villieria / Wonderboompoort), FJ (Frans) Redelinghuys (Sasolburg) en dr HT (Hennie) van Deventer (emeritus)
- Dinsdag 8 April: Ds M (Marius) Bacon (Warmbad)
- Vrydag 11 April: Ds G van R (Gys) Els (Brackenhurst)

## Beplande vergaderings

- Maandag 7 April: Kernkomitee: Finansies en Administrasie
- Woensdag 9 April: OSR Finkom
- Donderdag 10 April: ADV Dagbestuur  
Komitee vir Bybelverspreiding  
(by Bybelhuis in Kempton Park)
- Vrydag 11 April: Kommissie van die AKV
- Saterdag 12 April: Moderamen

## Allegaartjie

*Agter elke suksesvolle mens is daar 'n klomp hardwerkende mense. (Chinese spreekwoord)*



## Kursusse en toerusting



Prof Elsabé Kloppers

**DIPLOMA IN HIMNOLOGIE EN LITURGIE.** Hierdie Diploma bied 'n uitstekende geleentheid om meer oor die erediens en die kerklied te leer – daarvan kan almal getuig wat die kursus reeds gedoen het. Dit is veral sinvol waar die predikant, orrelis en sangleiers in 'n gemeente dit gesamentlik bywoon. Die volgende kursus begin op **12 April 2014** en vind in **Pretoria** plaas. Dit loop oor twee jaar en daar is drie byeenkomste per jaar. Die koste is R900 per jaar. Kerkrade word versoek om die koste vir hul predikante en orreliste te help dra. Belangstellendes kan met prof Elsabé Kloppers kontak maak by [kloppec@unisa.ac.za](mailto:kloppec@unisa.ac.za) of [elsabekloppers@gmail.com](mailto:elsabekloppers@gmail.com).

- **HTK: Gesprek met die Bybel**  
**Woensdagaand 16 April om 19:00**  
Van Selms-leeskamer, Fakulteit Teologie, UP  
Tema: *Het die kerk historiese-Jesus-navorsing nodig?*  
Alle belangstellendes welkom

### Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**  
Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis-Monumenttehuise  
012 325 1857 x202 / [www.otmt.org](http://www.otmt.org)
- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**  
Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad  
Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301  
of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

### Konserte en feeste

- **Saterdag 12 April: Gemeente Horison Roodepoort**  
**Osbraai-en-sang-geleentheid**  
Etes vanaf 16:00 te koop  
Sit daarna in *Barnyard*-styl in die saal aan  
Luister na opkomende kunstenaar Esti Potgieter  
Kaartjies R100 (sluit ete en toegang tot sanggeleentheid in)  
Navrae aan dr Gerhard Nel by 082 823 5074 / [gnel@nhk.co.za](mailto:gnel@nhk.co.za)

### Kampe en toere

- **Vrouekamp 2014: 16-18 Mei**  
Vir dames van alle gemeentes  
By Paradiesos-kampterrein, naby Kameeldrift, ongeveer 30 km buite Pretoria



Tema: *Wat is nuus?*

Temavers: Jesaja 25: 7a (NLV):

*Hoe mooi klink die voetstap op die berge van hulle wat goeie nuus bring...*

Sprekers: Di Janine Bevol-Manders en Antionette Janse van Rensburg

Kampgelde R550 per persoon

Navrae aan Jana Peenze by 083 734 5426 / [janapeenze@vodamail.co.za](mailto:janapeenze@vodamail.co.za)

of Stefanie Theron by 082 825 7944 / [stef1@absamail.co.za](mailto:stef1@absamail.co.za)

- **Konteks-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**  
15 dae op die voetspore van die eerste Christene  
Toerleier: Ds Dries Beukes  
012 654 3198 / 083 447 7943  
Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)  
012 361 0579 / 082 560 4279 / [louise.geyser@absamail.co.za](mailto:louise.geyser@absamail.co.za)  
Gaan na [www.konteks.co.za](http://www.konteks.co.za) → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer vir volledige inligting en besprekingsvorm
- **Kom toer saam deur Israel**  
Toerleier: Ds Fanie Beukes (NHKA Wesmoot)  
**Datum: 23 November tot 1 Desember**  
Navrae aan ds Fanie by 073 167 1183 / [faniebeukes@yahoo.com](mailto:faniebeukes@yahoo.com)

## Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Hartebeeshoek: Pret-draf/stap by Fonteine**  
**Saterdag 12 April** (hekke open om 06:00, stap/draf begin stiptelik om 07:00)  
5 km en 10 km  
Inskrywings: 5 km = R30; 10 km = R40  
Te koop: vetkoek-en-maalvleis, pannekoek, koffie, tee, koeldrank  
Kontantpryse en kleiner trekkings  
Navrae: Elma Williams 082 562 5244 / Brian Williams 082 417 4482  
Hierdie is 'n *winterwarmerprojek*. Bring asseblief 'n kombes saam sodat ons 'n persoon wat minderbevoorreg is, kan help
- **Gemeente Naboomspruit: Naboom Fiesta 19 April**  
Ons is op soek na die Bosveld se beste storieverteller  
As jy 'n mooi storie het om te vertel, kontak die organiseerders  
Groot pryse te wen  
Kontak Jan Claassen by [two.oceans@yahoo.com](mailto:two.oceans@yahoo.com) / 084 400 5137  
of Rene van Tonder by [fiesta@nhknaboomspruit.co.za](mailto:fiesta@nhknaboomspruit.co.za)



Aanlyninskrifings: [www.cycleevents.co.za](http://www.cycleevents.co.za)

Daginskrifing by Kerk:  
2 Mei 16:00 - 18:00  
3 Mei 06:30 - 08:00

**Datum: 3 Mei 2014, 08:30**  
**Afstand: 70, 35, 10 km & kinderedren**  
**Plek: Nederduitsch Hervormde Kerk Trichardt**

Vir verdere inligting e-pos:  
[raceofgrace2013@gmail.com](mailto:raceofgrace2013@gmail.com)





- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**  
**Sluitingsdatum 31 Mei, trekking 1 Junie**  
Kaartjies: R100 donasie, wen wild en verblyf  
Kontak Alida Reed 082 228 3552 / Chaan Bezuidenhout 082 853 5895

## Basaars en markte

- **Saterdag 24 Mei: Gemeente Groeneweide in Germiston**  
**4x4-familiedag**  
Stalletjies teen R100 vir die dag vir enige produk uitgesluit kos en koeldrank  
Inskrywing vir 4x4-kompetisie teen R100 – pryse te wen  
Kwads / vierwielers teen R50 vir 10 ritte om die baan – vir pret, geen pryse  
By die 4x4-baan tussen Elsburg en Elspark in Brugstraat  
Kontak Ria Kruger by 082 417 8508

## Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die **e-Hervormer** geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskkaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die **e-Hervormer** word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## AGTERBLAD

### Gebed vir die week

*U het my reeds groter vreugde laat belewe  
as wat daar is by mense  
wat koring en wyn in oorfloed het.  
Nou sal ek onbesorg gaan lê  
en dadelik aan die slaap raak,  
want, Here, U alleen laat my veilig woon.*

(Psalm 4: 8-9)



jojoencourages.com

Redakteur: Ds David Barnard  
Subredakteur: Ds Etienne Fourie  
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk  
Teksvorsorger: Mev Tessa Oppermann  
Uitlegkustenaar: Mej Izelle Marx  
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx